

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 36**

**6 September 2026**

# Plaaslikeregeringsverkiesing.. my bydrae..

"Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange." – Jeremia 29:7

Een van die kragtigste bydraes wat Christene kan maak, is om te bid. Dwarsdeur die Skrif roep God Sy mense om in die bres te tree vir nasies, stede, leiers en gemeenskappe. Gebed is nie 'n passiewe aksie nie. Dit is 'n geestelike vennootskap met God wat Sy wysheid, beskerming, geregtigheid en doelwitte in die sake van mense innooi.
Die Bybel heg groot betekenis aan stede. Jerusalem, Ninivé, Antiogië,Korinte en Efese was almal invloedryke stede waar God se doelwitte bereik is. Wanneer 'n stad floreer, floreer sy mense. Wanneer 'n stad swaarkry, voel die mense die impak daarvan. Dit is waarom Jeremia God se mense opdrag gegee het om vir die welvaart van die stad te bid. Vandag word Suid-Afrika deur baie uitdagings in die gesig gestaar, insluitende misdaad, korrupsie, werkloosheid, armoede, geweld, dwelmmisbruik en sosiale verdeeldheid. Tog is hierdie uitdagings nie groter as God se vermoë om in te gryp wanneer Sy mense bid nie.
Gebed het ook 'n unieke vermoë om mense te verenig waar politiek, ras, taal en sosiale verskille dikwels verdeel. Wanneer gelowiges saam voor God kniel, erken hulle hul gedeelde afhanklikheid van Hom.
Verkiesing is meer as politieke gebeure. Dit bepaal leierskap, beïnvloed beleidsbesluite, raak dienslewering en vorm die toekoms van gemeenskappe. Gebed help ons om verby persoonlike voorkeure te beweeg en God se wil vir ons nasie te soek. Eerder as om bloot op politieke verwikkelinge te reageer, word Christene geroep om doelbewus te bid vir wysheid, integriteit, geregtigheid en Goddelike leierskap.
Gebed teenoor protes
Daar is tye wanneer burgers tereg hulle bekommernisse uitspreek en aanspreeklikheid vra. Gebed reik egter waar menslike inspanning nie kan nie. Protes kan aandag op probleme vestig, maar gebed nooi God in die oplossing in. Gebed verander harte, maak deure oop, gee wysheid, bring korrupsie aan die lig, beskerm gemeenskappe en bring geestelike transformasie. Die vroeë Kerk het die Romeinse wêreld nie deur politieke mag verander nie, maar deur volgehoue gebed, getrouheid en gehoorsaamheid aan God.
'n Oproep aan die wagters
Suid-Afrika het meer as politieke oplossings nodig. Ons het geestelike ontwaking nodig. Ons het wagters op die mure nodig wat sal bid, intree en God vir transformasie sal vertrou.

Daar is 'n oproep aan elke gelowige, elke kerk, elke bediening en elke voorbidder om saam te bid gedurende hierdie belangrike weke voor die plaaslikeregeringsverkiesing!

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wệreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde en natuurramp gebiede.
- Vir die plaaslike verkiesing.

## Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Juanita Rossouw
- Jillian Jansen
- Tannie Sannie Wentzel
- Jaap Naudé
- Madelein Els
- Debbie Fourie

Hettie Singleton
Adri Botha
Janine Vorster
Wessel Louwrens
Ansie Harrison
Annamie Reynolds
Wildie Meiring

## Gedagte vir die week

**Suid-Afrika het meer as politieke oplossings nodig.**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org